Verwysing: 20161111-6041
12/12/41/P
Navrae: Inbelsentrum

Omsendbrief: 0048/2016
Vervaldatum: Geen

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *Riglyne oor die nakoming van die vereistes van artikel 38A van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996).*

Onderwerp **Nakoming van die bepalings van artikel 38A van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996)**

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) wil graag die aandag van alle openbare skole op die bepalings van artikel 38A van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASW), 1996 (Wet 84 van 1996), vestig.

2. Omsendbrief 0011/2004 en Omsendbrief 0039/2004, gedateer 18 Februarie 2004 en 09Augustus 2004, onderskeidelik, wat hierby aangeheg is, is steeds van toepassing. Hierdie omsendbriewe moet saam met die aansoekprosedure, soos uiteengesit in die SASW, 1996 (Wet 84 van 1996), gebruik word om nakoming te verseker.

3. Daarbenewens, word u aandag ook op die wysigings aan die bogenoemde aansoekprosedure gevestig met spesifieke verwysing na punt 1.4 om behoorlike bestuur en nakoming ten opsigte van die SASW, 1996 (Wet 84 van 1996), te verseker.

4. Let asseblief daarop dat die sperdatum vir 2017 vir die indiening van aansoeke ten opsigte van artikel 38A, **15 Desember 2016** is waarna aansoeke jaarliks teen 15 Desember ingehandig word. Indien 15 Desember egter op 'n naweek val, kan aansoeke die laaste Vrydag van daardie betrokke week ingehandig word.

5. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokke rolspelers.

GETEKEN: L ELY
WAARNEMENDE HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2016-11-18